10 Februarie 2019

preek*EGGO*

40 Dae Genooi Om Te Volg

Week #4 – Lukas 15

- **Dink na oor die prentjie wat jy van God het. Watter woorde sal jy gebruik om Hom mee te beskryf? Almagtig, Alomteenwoordig, Onbegrypbaar …**
- **Met hoë woorde skep ons maklik afstand tussen ons en God. Kan ek dit indink dat God eerder naby en intiem met my wil wees?**

- **Hoe vind jy die beeld van God as 'n Pappa vir sy seun in die verhaal van die verlore seun in Lukas 15:11vv.**
- **God skilder telkens 'n prentjie van Hom wat 'naby' aan mense is, vgl. Hosea 11:3-4. Hoekom is dit gemakliker vir jou om aan God te dink "op 'n afstand" as om aan Hom "naby aan jou" te dink?**

Twee verhale van God wat kies om naby aan mense te kom:

- **Lukas 18:16 – Jesus en die kindertjies**
- **Lukas 7:36vv. – Die vrou wat Jesus se voete salf**

Hoe kan ons dan meer intiem met God raak?
Jesus deel juis sy intimiteit met sy Pa – veral deur gebed. Wat sou Jesus se gebede alles kon insluit, behalwe woorde?

Ons kan ons grense wat ons het oor tye van gebed baie meer strek as ons gebede meer word as slegs 'n vloed van woorde en tye van intimiteit soek insluit.